**13 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:57-64**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:57-64**

**Die Here maak sondaars nuut**

*Die HERE is my deel*. Dit is die eerste woorde in hierdie versgroep. Die lewende God gee vir my die lewe. Ek wy myself volledig aan Hom op Wie se verbondstrou ek deurentyd kan reken (vs 64).

Wanneer ek besef dat my lewe nie klop met sy Woord nie, kan ek saam met die digter bid om sy genade (vs 58). Daardie genade betoon Hy ter wille van Christus aan my. Juis omdat ek sondaar is en bly, moet ek elke dag doelbewus wegdraai van die verkeerde, my voetstappe in lyn met die Here se wil bring (vs 59). Ek is selfs van Hom afhanklik om my te leer wat sy wil is (vs 64). Deur sy Gees leer Hy my dit en maak Hy my bekwaam om daarvolgens te lewe.

Dit gebeur allermins maklik. Behalwe my eie weerstand, kry ek ook van buite teenstand. Soos wat 'n jagter strikke stel om die wild te vang, so stel die vyande van God vir my strikke. Ek kan hulle strikke net raaksien en vermy met die Woord as wapen.

Tog maak die Here in sy Woord bekend dat Hy nie behae het in die dood van die goddelose nie, maar wel dat hy hom bekeer en lewe (Eseg. 33:11). So het Hy van Saulus, die vervolger van die Christene, Paulus gemaak, die groot verkondiger van die evangelie (Hand. 9 ). Ons moet steeds die Woord uitdra (Matt. 28:19, Hand. 1:8).

Die gelowige staan nie alleen nie. Benewens God wat altyd deur sy Gees by ons bly, is daar ook ander wat die Here met ontsag dien. Soos die digter van Psalm 119 moet ons mekaar se metgeselle wees. Ons moet saam met ander gelowiges die eer van die Here bevorder – ook deur sy Woord aan almal rondom ons uit te dra.

*Sing: Psalm 119:19, 22 (1936) of Psalm 11:10 (2001)* *Ds. JH Jordaan (Vereeniging '95)*